Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO)
Bloemfontein

Die VCHO is –

'n vrye vereniging sonder winsoogmerk, wat sedert 1949 bestaan, en op die terrein van die opvoeding en onderwys werksaam is;
'n diensorganisasie wat met die kerke van gereformeerde belydenis, universiteite, die skool en die ouerhuis wil saamwerk ter verwesenliking van 'n gemeenskaplike ideaal;
onverbonde sover dit enige partypolitieke affiliasies, maar gebonde sover dit die Skrifbeginsels betref.

Die VCHO begrond hom –

in die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele, ooreenkomstig die lewensoortuiging van die Calvinistiese Hervorming.

Die VCHO se doelstelling –

behels drieledig die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap (vgl. 2 Timoteus 3: 16 en 17), ten einde die Calvinistiese lewensbeskouing in volksgeledere te vestig.

Die VCHO se missie –

is om deur die verwesenliking van sy doelstelling soos hier- bo uiteengesit, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk (vgl. Handelinge 1: 8).

Die VCHO handhaaf –

die beginsel van onderwys binne volksverband, maar is nie geslote nie om advies, hulp en ondersteuning na buite te verleen, ter bevordering van Christelike onderwys, met behoud van selfstandigheid.

Betekenis van Christelike opvoeding en onderwys

Uitgaande van die Bybelse openbaring, word God-drieënig as die Skepper en Onderhouer van die hemel en aarde bely. Aan die mens as geskape wese kom die opdrag tot kulturele werksaamheid in die skepping, ter verheerliking van sy Naam. Sondeval en verlossing is beslissende momente in die realisering daarvan. Deur Jesus Christus se Middelaarskap word 'n God-gerigte ontsluiting van die menslike persoon verwerklik, teenoor 'n afvallige gerigtheid (vanweë die sondeval). Daardeur word die in-sonde-gevalle-mens verlos en herstel, sodat in sy/haar volwassewording, kennisontplooiing en wetenskapsbeoefening aan die Bybelse

norme beantwoord kan word. Opvoeding en onderwys is die gawes deur middel waarvan die ontsluiting bewerkstellig word, en wel so dat dit vanuit die dimensie van die geloof kan geskied.

Wat doen die VCHO?

Ooreenkomstig sy doel- en missiestelling word –
leiding en voorligting oor Christelike onderwys aan persone en instellings voorsien;
ondersteuning gebied, deur inligting aan ouers beskikbaar te stel; navorsing gedoen, en kennis aan die onderwysgemeenskap deurgegee;
samewerking op projekgerigte basis met geesgenootlike instansies uitgebou;
toerusting oor Christelike opvoeding en onderwys aan lede en belangstellendes verskaf;
ledewerwing gedoen, ten einde georganiseerde steun vir die saak te monster;
die Christelik-gereformeerde leer en lewenswandel verkondig;
die akademiese diskoers oor Christelike wetenskap gestimuleer; en
vakmateriaal van 'n Christelike inslag ontwikkel.

Die VCHO maak van die volgende middele en metodes gebruik:

besoeke en bekendstelling aan gemeentes en kerke van gereformeerde belydenis,
die aanbieding van kongresse, seminare en kursusse;
die totstandbrenging van onderwys-gespreksgroepe vanuit ouergemeenskappe;
die aktivering van takke te Potchefstroom, Pretoria en ander sentrums, asook 'n gespreksgroep te Bloemfontein;

die publisering en verspreiding van –

die termynblad: *Roeping en Riglyne*
die geakkrediteerde: *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*;

kurrikulering van leerinhoude en die samestelling van vakmateriaal met 'n prinsipiële inslag vir skole (tans Afrikaans, Bybelkunde en later ook Geskiedenis);

Wat word van u gevra?

Betrokkenheid – word 'n lid van die VCHO;
die uitdra van die Christelike onderwys-boodskap; en
voorbidding.

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
BLOEMFONTEIN
9300

Van Schalkwykstraat 21
Universitas

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
E-posadres: hugo@vcho.co.za
Webadres: www.vcho.co.za